Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 11/05 2018

Geagte Ouers/Voogde

1. **Bedankings:**

   - Baie dankie aan Marike Strydom wat die 0/18-netbalspeelsters na Kareedouw help vervoer het.
   - Baie dankie aan al die donateurs wat dit vir Mustapha van Rooyen moontlik gemaak het om aan die finale rondtes van die nasionale toneelspelkompetisie by die Kunstekaapteater deel te neem. Dit was 'n ongelooflike ervaring wat hy verseker altyd sal onthou.

2. **CAMI- en ekstra Wiskunde-klasse:**

   Ekstra CAMI- en Wiskunde-klasse is nie net vir remediërende gevalle nie, maar vir alle leerders, ook die skranderes, wat graag wil verbeter.

   ❖ Wiskunde:

Donderdag, 17 Mei, 14:15 tot 15:00:	Gr. 6	(Mnr. Daniël)
Donderdag, 17 Mei, 14:15 tot 15:00:	Gr. 7	(Juf. Viginia)

   ❖ CAMI: (Wiskunde, Afrikaans en Engels – gr. 1 tot 9)
   Dinsdag, Woensdag en Donderdag:
   Reël met juf. Riana. Ter wille van effektiwiteit moet hierdie klasse vir 'n kwartaal lank gereeld bygewoon word.

3. **Grannor Passi-projek:**

   Hoërskool McLachlan loods in 2018 die Granor Passi-projek. Langkloofprodusente kan vrugte by die sapfabriek onder Hoërskool McLachlan se naam lewer. Die nommer waaronder u dit moet lewer, is 0019. Hierdie is 'n geleentheid vir die boerderygemeenskap om die skool te ondersteun. Ons skool het baie finansiële uitdagings en weet met hierdie projek sal u 'n groot verskil kan maak. Die inkomste van die projek sal direk deur Granor Passi in McLachlan se rekening inbetaal word.

   Ons moedig produsente aan om aan hierdie projek deel te neem en sodoende 'n verskil te maak aan ons kinders se toekoms by Hoërskool McLachlan. Die skool is die hart van die gemeenskap en met u bydrae sal ons die voortbestaan kan verseker.

   Groot dank en waardering vir diegene wat reeds vir die skool se rekening gelewer het. Weet dat u bydrae 'n reuse positiewe verskil maak en sodoende verseker dat die skoolfondse ook op hierdie vrywillige basis deurlopend aangevul word.

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

4. **<u>Wêreldkennis Olimpiade</u>:**

Op Donderdag, 17 Mei, om 14:30 neem vyf van ons leerders aan die Wêreldkennis-Olimpiade deel. Die vraestelle sal in me. Dalene Bohnen se klas geskryf word. Die leerders is: Arné Oelofsen (gr. 6); Emelee Smith (gr. 6); Miencke Strydom (gr. 7); Gerhard Jonk (gr. 10) en Tiffeney Lyons (gr. 10).

5. **<u>Fondsinsameling – matriekafskeid</u>:**

Die graad 11-klas verkoop volgende Woensdag, 16 Mei 2018, vleispasteitjies @ R5 elk in die seniorvierkant voor juffrou Marie se klas. Leerders en ander belangstellendes word vriendelik uitgenooi om hierdie fondsinsamelingsprojek vir die matriekafskeid te ondersteun.

Cappucino en Hot Chocolate is van Maandag tot Donderdag beskikbaar.

Leerders en belangstellendes word ook herinner aan die vleispaklooitjies wat steeds beskikbaar is. Om slegs R10 te betaal en dan die kans te staan om 20kg, 8kg of 5kg vleisprodukte soos wors en tjops te wen, klink mos na 'n goeie plan. Alle graad 11-leerders en juffrou Marie het lotjievorms ontvang. Ondersteun ons matriekafskeid asseblief. Baie dankie aan almal vir hulle ondersteuning.

6. **<u>Despatch Kunstefees</u>:**

Baie geluk aan die volgende leerders:

<u>Voordrag:</u>	Jurie Kritzinger	(gr. 2)	A
	Elaine Coenraad	(gr. 5)	A
	Pieter Strydom	(gr. 5)	A+
	Jay-Lynn Jantjies	(gr. 10)	B+
	Ronildene Mdyogolo	(gr. 10)	B
	Tiffeney Lyons	(gr. 10)	A
	Marli van Zyl	(gr. 10)	A+
	Mustapha van Rooyen	(gr. 11)	A+

<u>Groep improvisasie</u>: Uli Terblanche, Elzé Potgieter, Marli van Zyl A

7. **<u>Radikale redenaars</u>:**

Baie geluk aan vier van HS McLachlan se leerders wat gekwalifiseer het vir die volgende rondtes:

Gemma Pienaar (gr. 4) vir lees (poësie) en Lara-Mia Goncalves (gr. 7) vir redenaars neem op 4 Augustus in Oos-Londen aan die Oos-Kaap finaal deel.

Elzé Potgieter (Afrikaans) en Tiffeney Lyons (Engels), albei in gr. 10, neem op 13 Oktober in Pretoria deel.

Ons is trots op julle prestasies.

8. **<u>Sport</u>:**

- <u>Uitslae: HS Paul Sauer-laerskoolsportdag: Saterdag, 5 Mei</u>:

<u>Netbal</u>:	0/7:	6 gespeel:	4 gewen; 2 verloor
	0/8A:	5 gespeel:	3 gewen; 2 verloor
	0/9A:	4 gespeel:	3 gewen; 1 verloor
	0/9B:	3 gespeel:	1 gewen; 2 verloor

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

	0/10A:	3 gespeel:	2 gewen; 1 verloor
	0/10B:	4 gespeel:	3 gewen; 1 verloor
	0/11A:	5 gespeel:	4 gewen; 1 gelykop
	0/11B:	2 gespeel:	2 verloor
	0/12A:	3 gespeel:	3 gewen
	0/12B:	3 gespeel:	2 gelykop; 1 verloor
	0/13A:	3 gespeel:	2 gewen; 1 verloor
	0/13B:	3 gespeel:	3 gewen
Rugby:	0/9:	3 gespeel:	1 gewen; 1 gelykop; 1 verloor
	0/11:	3 gespeel:	1 gewen; 1 gelykop; 1 verloor
	0/13:	3 gespeel	1 gelykop; 2 verloor

- Uitslae: HS-skaak:

  McLachlan het Donderdag, 10 Mei, vir die eerste keer aan 'n hoërskoolskaakliga deelgeneem. Die leerders het 2 – 5 teen JJS verloor.

- Netbal:

  Die 0/13- en 0/16-netbalspeelsters van McLachlan neem Saterdag, 12 Mei, aan die Sarah Baartman kampioenskappe in Humansdorp op Nico Malan se bane deel. Die wedstryde neem 08:00 'n aanvang. Baie sterkte aan dié 2 spanne.

  Die 0/18A-netbalspan het ongelukkig hul ligawedstryd verlede Dinsdag teen HS Paul Sauer verloor.

- LS Jeffreysbaai: Sportdag: 12 Mei:

  Spanne wat ingeskryf is:
  Rugby: 0/7 ; 0/9 ; 0/11 ; 0/13
  Netbal: 0/7; 0/8 ; 0/9A en -B; 0/10A en B; 0/11A en -B; 0/12; 0/13B

  Bustye:

	Groot bus: Bestuurder: Martiens	Quantum Bestuurder: Steve Kruger
Misgund	05:15	
Louterwater	05:30	05:00
Krakeel	05:45	05:10
Skool	05:50	05:20
Ravinia	06:00	05:30

- 0/13 OP-rugbyproewe:

  Baie geluk aan Alverique Krige wat deur is na die finale 0/13-OP-proewe wat vanaf 31 Mei tot 2 Junie in Bloemfontein plaasvind. Baie sterkte en hou McLachlan se naam hoog.

- OP-rugby:
  Baie geluk aan Ruben Barnard wat vir die OP 0/15A-span gekies is wat op Saterdag, 19 Mei, by die Meyer Sauerman-dag sal speel.

INTERNET GENERATION
Igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

- <u>Laerskoolsport</u>:
  Op Vrydag, 18 Mei, word die twee sportperiodes met akademiese periodes vervang. Gr. 7-leerders doen hul LO-prakties.

Botes Gresse
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Cell: +27 (0) 82 578 3039
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

INTERNET GENERATION
Igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za
McLachlan Internet Fasiliteit Borg